MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

26 Maart 2021

OB 6 2021 – Beheerliggaamverkiesing / Algemene ouerbrief

Beste Ouers

Ek herinner u graag aan die **beheerliggaamverkiesing** wat eerskomende Dinsdag, 30 Maart plaasvind.

Eerstens wil ek egter ons huidige beheerliggaam bedank vir die afgelope 3 jaar se harde werk en baie moeite wat ingesit is. Ons SBL het nou saam met ouers gewerk en dit alles was deel van onder meer ons suksesvolle fondsinsamelings. Dit was vir my waarlik 'n voorreg om saam met hulle te werk. Ons het tussenverkiesings gehad toe nuwe lede verkies is. Die afgelope jaar se uitdagings rondom Covid-19, het ook baie tyd en insette van die lede geëis. Ek bedank graag: Hannes Gous, Attie van Zyl, Wilfred Paulse, Eugene Jacobs, Werner van der Merwe, Madelene Victor, Louwtjie Strauss, Maryn Stemmet en Annie Wigmore, asook Willem Sadie en Riaan Janse van Rensburg, wat vroeër deel van SBL was. Hannes Gous, Eugene Jacobs en Werner van der Merwe is weer genomineer vir die SBL; Madelene Victor, Li-Anne Hagen en Annie Wigmore is reeds verkies as personeel verteenwoordigers, baie geluk aan hulle.

Die verkiesing neem die formaat van 'n voldagverkiesing aan, wat beteken u kan deur die dag kom stem op 'n tyd wat u pas. U kan kom stem na u die kinders by die skool kom aflaai het, deur etenstyd of direk na werk, wat u ook al die beste pas. Ek moedig ouers aan om te kom stem, sodat ons die verkiesing kan afhandel en nie nodig het om 'n tweede rondte verkiesing te hou nie. Elkeen se stem tel.

Ons het die kandidate wat genomineer is se inligting vir u in harde kopie en elektronies gestuur, u kan dus vooraf besluit vir wie u gaan stem. Ouers se name word teen die kiesersrol afgemerk teenoor die name van u oudste of enigste kind in die skool. Slegs 2 ouers mag stem. In hersaamgestelde gesinne moet ouers dus vooaf ooreenkom wie gaan stem, bv. 'n ma, stiefpa en eie pa mag nie al 3 stem nie, net 2 mag stem. Ouers mag stem vir 'n maksimum van 5 kandidate (ouers), maar kan vir minder stem. Die kiesersrol was beskikbaar vir insae en is nou gesluit.

Die volgende reëlings geld:

- U moet 'n bewys van ID hê: ID-dokument, tydelike ID, bestuurslisensie of paspoort.
- U moet 'n masker dra.
- Covid-protokol word gevolg.
- Stemming vind plaas in die skool se voorportaal. U kom asb. die terrein binne vanaf die hek in Langstraat.

Tye wat stemlokaal oop is:

- 07h00 – 10h00
- 11h00 – 15h00
- 16h00 – 20h00

Sport: Die atletiek word op Maandag 29 Maart afgehandel. Baie dankie aan al die deelnemers. Ons sal die uitslae ook per brief aan u deurgee. Op 6 April gaan ons begin met wintersportoefening. Volgens regulasies mag geen kontak gemaak word nie, dus sal ons begin met fiksheid en ander oefeninge wat gedoen kan word sonder kontak of balhantering. Ons sal 'n aparte brief uitstuur wat die reëlings hieroor sal verduidelik.

Vriendelike groete

Jan krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR
MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 2080